HERSIENE TUSSENTYDSE RESULTATE
vir die 12 maande geëindig 28 Februarie 2009

JASCO

JASCO ELECTRONICS HOLDINGS BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
Registrasienommer 1987/003293/06 Aandeelkode: JSC ISIN: ZAE000003794

Historiese bedrywighede **lewer 'n sterk resultaat**

M-TEC stel telleur

Kontant uit bedrywighede styg met **106%**

Dividend van **10 sent per aandeel**

INLEIDING

Dit is aangenaam vir Jasco om aan te kondig dat die groep se historiese besigheid op inkomste- en bedryfswinsvlak voortgegaan het om sterk te groei, met 'n 16% toename in inkomste en 'n soortgelyke toename in bedryfswins. Dit is behaal te midde van moeilike handelstoestande gedurende die tweede helfte van die tydperk. Die 12-maande resultaat tot 28 Februarie 2009 is egter beïnvloed deur die deurlopende uitwerking van die verlangsaming in sekere sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie op Malesela Taihan Electric Cable (Edms) Beperk (M-TEC), die groep se kabelvervaardigingsassosiaat.

Die nege-maande bydrae deur M-TEC was 'n teleurstellende R0,7 miljoen. Die groep bly egter steeds vol vertroue dat hierdie strategiese belegging se bydrae tot die Jasco resultate gedurende die volgende 12 tot 18 maande sal verbeter.

Jasco het vroeër bekendgemaak dat hy sy jaareinde vanaf 28 Februarie na 30 Junie verander het sodat dit ooreenstem met die jaareindes van sy belangrikste aandeelhouers, Community Investment Holdings (Edms) Beperk (CIH) en AfroCentric Investment Corporation Beperk (AfroCentric). Die huidige resultate tot 28 Februarie 2009 word dus as 'n tweede tussentydse tydperk hanteer. Hierdie resultate is gevolglik slegs hersien, nie geouditeer nie, en strook met die handelsopdatering wat op 25 Maart 2009 uitgereik is.

KORPORATIEWE AKTIWITEITE GEDURENDE DIE JAAR

Omskepping van SEB-transaksie-aandele
Soos op 20 Mei 2008 op SENS aangekondig, het die uitreiking van Jasco gewone aandele aan CIH op 21 Mei 2008 geskied. Die groep het 17,2 miljoen nuwe gewone aandele aan CIH uitgereik ingevolge sy oorspronklike SEB-transaksie wat op 1 Maart 2003 aangegaan is.

Verkryging van 'n belang in M-TEC
Die groep het met ingang 1 Junie 2008, 51% van beide die gewone en voorkeuraandele in M-TEC vir R214 miljoen verkry. Dit is vereffen deur 'n kontantteenprestasie van R125 miljoen, die uitreiking van 27,4 miljoen gewone Jasco-aandele teen R3,25 elk en die uitreiking van R100 miljoen in aflosbare voorkeuraandele aan JSE-genoteerde SEB-beleggingsgroep, AfroCentric. AfroCentric besit dus 'n effektiewe 34,9% van Jasco. Taihan Electric Wire Company (Taihan) van Suid-Korea, een van die top kabelvervaardigingsmaatskappye in die wêreld, besit die balans van M-TEC. Ingevolge die verkoop van aandele ooreenkoms, behou Taihan bestuursbeheer in M-TEC en derhalwe word hierdie belegging as 'n assosiaatmaatskappy verantwoord.

RESULTATE

Inkomstestaat
Inkomste vir die 12 maande het met 16% tot R603 miljoen (2008: R519 miljoen) toegeneem.

Die groep het gedurende die laaste ses maande op doeltreffendhede en kostebesparings gekonsentreer om inflasionêre kostedruk te verminder in afwagting op moeiliker handelstoestande. Die groep se diversifikasiestrategie het vrugte afgewerp aangesien die sterk groei in die Sekuriteitsafdeling en 'n verdere sterk prestasie deur die Telekommunikasie-afdeling vergoed het vir die verwagte afname in inkomste, wins en marges in die Huishoudelike Produkte-afdeling. Groepmarges het effens verbeter en vanaf 9,6% in die vergelykbare tydperk tot 9,7% verhoog, wat tot 'n 16% toename in bedryfswins vanaf R49 miljoen tot R58 miljoen gelei het.

Netto wins voor belasting het met 3% tot R51 miljoen (2008: R50 miljoen) toegeneem. Dit is beïnvloed deur:

- die betaling van R9 miljoen se rente op die R100 miljoen aflosbare voorkeuraandele-uitgifte ingevolge die M-TEC-verkryging. Die voorkeuraandele word as nie-bedryfs-rentedraende laste getoon;
- 'n meer as drievoudige toename in Jasco se gedeelte van nabelastingwins uit sy WebbLeBLANC GO tot R3,5 miljoen (2008: R1,1 miljoen); en
- 'n teleurstellende R0,7 miljoen nege-maande bydrae deur assosiaat M-TEC.

Die R9 miljoen rente wat op die aflosbare voorkeuraandele betaal is, word nie by die effektiewe belastingkoersberekening ingesluit nie aangesien die onkoste nie van belasting afgetrek mag word nie. Die gemiddelde belastingkoers het tot 32,9% (2008: 33,4%) gedaal.

Na aanleiding van die uitreiking van 17,2 miljoen nuwe aandele aan CIH en 'n verdere 27,4 miljoen aandele gedurende die tydperk om die groep se aandelebelang in M-TEC te verkry, het verdienste per aandeel (VPA) en wesensverdienste per aandeel (WVPA), bereken op die geweegde gemiddelde getal aandele, met onderskeidelik 34% en 33% afgeneem.

Die 2008 VPA en WVPA is bereken voor die uitreiking van 17,2 miljoen nuwe gewone aandele. Die uitwerking van hierdie nuwe uitgifte van aandele was om effektief beide VPA en WVPA vanaf die 49 sent per aandeel wat vir die jaar tot 29 Februarie 2008 gerapporteer is tot 39,1 sent per aandeel te verwater. Die aangesuiwerde VPA en WVPA van 39,1 sent per aandeel bied dus 'n meer realistiese basis vir die vergelyking van hierdie tydperk se resultate. Gegrond op hierdie aangesuiwerde syfer, het VPA en WVPA vir die 12 maande geëindig 28 Februarie 2008 gevolglik met onderskeidelik 17% en 16% afgeneem.

Kontantvloei- en Balansstaat
Kontant gegenereer deur bedrywighede het met 106% tot R86 miljoen (2008: R42 miljoen) toegeneem. Sterk kontantbestuur het gelei tot 'n verbeterde kontantinvloei uit bedryfskapitaal, veral wanneer dit vergelyk word met die eerste ses maande, en 'n gevolglike verdere afname in die gemiddelde netto bedryfskapitaaldae tot 23,2 dae (2008: 23,9 dae) wat steeds binne die groep se interne teikenvlak van 30 dae is.

Ná die befondsing van 'n huurkontrak (R45 miljoen) in die Sekuriteitsafdeling, netto finansieringskoste (R10 miljoen), dividende (R11 miljoen), belasting (R19 miljoen) en die netto uitvloei van R47 miljoen in beleggingsaktiwiteite, het die groep die tydperk afgesluit met 'n klein oortrekking van R7 miljoen. Dit sal gemaklik gedek kan word deur die groep se sterk kontantgenereringsvaardighede.

Die groep se nie-bedryfs-rentedraende laste het tot R102,2 miljoen (2008: R2,9 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik weens die uitreiking van aflosbare voorkeuraandele wat aangewend is om 'n gedeelte van die M-TEC-verkryging te befonds. Die groep se skuld-ekwiteit-verhouding beloop tans 42% (2008: Nul), waarvan 38% bestaan uit die aflosbare voorkeuraandele. Hierdie verhouding het reeds verbeter vanaf die 47% wat vir 31 Augustus 2008 gerapporteer is.

VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die verkorte finansiële state is voorberei in ooreenstemming met IFRS en voldoen aan IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening.

BEDRYFSOORSIG

Ten einde die suiwer bedryfsprestasies van die individuele afdelings te vergelyk, word rente ontvang by hoofkantoor nie ingesluit by die afdelings se bydraes tot groepinkomste nie. Let egter daarop dat die afdelings se bedryfswins die nabelastingwinsbydraes deur assosiaat M-TEC en die GO WebbLeBLANC, ingevolge IFRS-vereistes, insluit.

Telekommunikasie
Inkomste uit die grootste afdeling het met 8% tot R305 miljoen (2008: R282 miljoen) toegeneem. 'n Verdere daling in die vraag van vastelynoperateurs is geneutraliseer deur die verhoogde plaaslike vraag na draadlose produkte, asook uitvoere na Afrika. In lyn met die groep se buigsame besigheidsmodel, het die bydrae tot inkomste deur vastelynoperateurs vir die jaar tot Februarie 2008 vanaf 35% tot bykans 25% vir die 12-maande tydperk tot Februarie 2009 afgeneem.

Die resultate is ook sterk beïnvloed deur die verdrievoudiging van WebbLeBLANC se bydrae op die rug van stewige infrastruktuurbou, met bedryfswins wat met 10% tot R46 miljoen (2008: R41 miljoen) gegroei het. Soos beoog, het die hoër-marge oplossingsbesigheid vergoed vir die laer-marge kommoditeitsbesigheid in die algehele Telekommunikasie-mengsel. Voorts het die hoër-marge Hi-Sites-besigheid 'n groter bydrae gelewer. Gevolglik het die bedryfsmarge tot 15,0% (2008: 14,7%) gestyg.

Sekuriteit
Die Sekuriteitsafdeling het uiters goed presteer deur inkomste met 86% tot R176 miljoen (2008: R95 miljoen) te verhoog en bedryfswins te verdrievoudig tot R26 miljoen (2008: R8 miljoen). Die afdeling is bevoordeel deur 'n lewendige mark en het gefokusde en gedetermineerde leierskap toegepas op die lewering van 'n beduidende toename in beide herhalende besigheid en groot projekte. Herhalende besigheid vanaf groot kliënte verteenwoordig bykans 45% van inkomste, met beduidende projekte wat vir die balans verantwoord. Marges het vanaf 8,7% tot 14,8% verbeter.

Die Sekuriteitsafdeling het gedurende die jaar 'n huurooreenkoms (projekwaarde van R46 miljoen) met 'n groot semistaatsinstelling aangegaan. Alhoewel die inkomste en wins voortspruitend uit die inwerkingstelling van hierdie projek gedurende die tweede helfte van die tydperk verantwoord is, sal die annuiteitsinkomste uit die huur- en instandhoudingsooreenkoms voortgaan om oor die volgende vyf jaar deur te vloei na die afdeling, wat op bykans R7 miljoen per jaar begin.

Huishoudelike Produkte
Soos in ons Augustus 2008 tussentydse resultate gerapporteer, was die uitwerking van die verlangsaming in die vraag na toestelle erger as verwag. Inkomste vir die 12-maande tydperk het met 18% tot R115 miljoen (2008: R139 miljoen) afgeneem. 'n Doelbewuste poging om kostes te besnoei en doeltreffendhede te verbeter te midde van hierdie moeilike mark het die groep in staat gestel om die uitwerking van 'n afname in volume te beperk. Indien die bestuur nie die vaste kostebasis met bykans 15% verlaag het nie, sou die afname in bedryfswins tot R12 miljoen (2008: R16 miljoen) baie erger wees. Gevolglik het die bedryfsmarge bo die tien persent vlak op 10,5% (2008: 11,5%) gebly.

Elektries
Die nuut-geskepte Elektriese afdeling bestaan uit Jasco se aandeel in kabelvervaardiger, M-TEC, vanaf 1 Junie 2008. M-TEC bedryf sake in die infrastruktuurbou-kant van die krag- en telekommunikasiesektore in Suid-Afrika.

Alhoewel die resultate vir die eerste drie maande tot 31 Augustus 2008 ooreenkomstig met verwagtinge was, het die uitwerking van die wêreldwye finansiële krisis en gepaardgaande verlangsaming in die Suid-Afrikaanse ekonomie die vraag na kabelprodukte in die vierde kwartaal van die 2008 kalenderjaar beduidend en onverwags verlaag.

Inkomste gedurende die tydperk is negatief beïnvloed deur drie belangrike faktore: Die vertraging in die toekenning van 'n Telkom vesel- en kopertelekommunikasiekabelkontrak, die uitstel van 'n Eskom aluminium oorhoofse geleier program en die verlangsaming in die privaatbou-bedryf – belangrike verbruikers van koperkragkabels. Eskom het die uitbreiding van hul nasionale netwerk met 18 maande vertraag en aangesien 'n beduidende gedeelte van hierdie kontrak aan M-TEC toegeken is, het dit sy kapasiteit vir die verwagte inbedryfstelling verhoog. Die voortgesette vertraging in die toekenning van 'n belangrike vesel- en kopertelekommunikasiekontrak deur Telkom het insgelyks die vraag na vesel negatief beïnvloed, terwyl geen verkope in kopertelekommunikasie gematerialiseer het nie weens die vertraging in die toekenning van die kontrak.

Die daling in volumes was onverwags en 'n verlaging in vaste koste was nie onmiddellik moontlik nie. Die uitwerking van die afname in volumes is vererger deur die dramatiese daling in kommoditeitspryse gedurende hierdie tydperk. Die uitwerking hiervan was 'n bykans R23 miljoen afwaartse waardasie van voorraad voorhande in die koperkragkabel- en aluminiumgeleierafdelings.

As gevolg van al die bogenoemde faktore, was Jasco se aandeel van die M-TEC wins na belasting vir die nege maande tot 28 Februarie 2008 slegs R0,7 miljoen.

VOORUITSIGTE

Die onsekerheid rondom die wêreldwye finansiële krisis en die negatiewe uitwerking daarvan op die Suid-Afrikaanse ekonomie is steeds kommerwekkend. Die gegewens van kleinhandel- en vervaardigingsdata wat daarop dui dat die Suid-Afrikaanse ekonomie op 'n resessie in verskeie sektore afstuur, maak voorspellings ná die nuwe finansiële jaareinde van 30 Junie 2009 uiters moeilik.

Jasco is egter van mening dat besteding deur operateurs en diensverskaffers om die telediigtheid in Afrika te verbeter, sal voortduur, alhoewel teen 'n laer tempo as wat voorheen beplan is. Voorts word breëband draadlose tegnologieë steeds uitgebrei en verbeter, wat operateurs in staat stel om bestaande vastelyn- en draadlose netwerke op te gradeer sodat nuwe kliënte gewerf kan word en om inkomstestrome uit dieselfde infrastruktuur te verbeter. Jasco se Telekommunikasie-afdeling is gunstig geposisioneer om deur die verwagte groei bevoordeel te word namate ons produkte, oplossings en dienste bied vir die toegangsnetwerk van beide vastelyn- en draadlose netwerke.

Die sekuriteitsektor gaan voort met besteding in die aanloop na 2010 en daarna, alhoewel daar 'n verlangsaming in privaat en openbare sektor besteding weens kostebesnoeiings en die tekort aan befondsing is. Die groep se strategie om huurkontrakte, 'n stewige vloei van herhalende inkomste uit bestaande kliënte en 'n sterk pyplyn van projekwerk in te sluit, sal verseker dat die Sekuriteitsafdeling 'n stewige prestasie handhaaf. Hierdie besigheid is egter besig om 'n konsolidasietydperk binne te gaan ná 'n uiters hoë groeifase. Bedryfswins sal dus voortgaan om te groei, maar teen 'n meer genormaliseerde tempo.

Die Huishoudelike Produkte-afdeling is ernstig beïnvloed deur die afname in verbruikersbesteding. Dit sal na verwagting vir die res van die huidige finansiële jaar voortduur. Dalende rentekoerse en voortgesette inwerkingstelling van lae-koste behuising behoort egter 'n positiewe uitwerking op vraag in hierdie afdeling gedurende die eerste helfte van die volgende kalenderjaar te hê. Dit kan egter verder beïnvloed word deur die verdere impak van moontlike werkloosheid op verbruikers.

Die laer vraag na kabelprodukte sal na verwagting vir die volgende ses maande voortduur. Die bestuur het gereageer deur oorhoofse kostes by M-TEC te verlaag om hierdie verlaagde aktiwiteit te weerspieël en, met 'n verwagte styging in kommoditeitspryse, verwag Jasco dat die volgende vier maande tot 30 Junie 2009 se resultate beter sal wees as dié van die nege maande geëindig 28 Februarie 2009. Die bestuur bly optimisties dat besteding op noodsaaklike infrastruktuurinwerkingstelling in beide die krag- en telekommunikasiesektore in die volgende jaar sal voortduur en verwag dus 'n verdere verbetering in die resultaat vir die volle jaar tot 30 Junie 2010.

DIVIDENDE

Die Direksie het besluit om, op grond van die voortgesette sterk prestasie van die historiese Jasco besigheid en sterk kontantgenerering, 'n 10 sent dividend, op grond van sy drie keer dividenddekkingsbeleid, te verklaar. Die dividend sal soos volg betaal word:

Laaste dag om te verhandel (met dividend)	Vrydag, 15 Mei 2009
Aandeleverhandeling neem 'n aanvang (sonder dividend)	Maandag, 18 Mei 2009
Rekorddatum	Vrydag, 22 Mei 2009
Betaaldatum	Maandag, 25 Mei 2009

Aandele mag nie tussen Maandag, 18 Mei 2009 en Vrydag, 22 Mei 2009, beide dae insluitend, gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

Vir en namens die Raad

Dr ATM Mokgokong (Nie-uitvoerende Voorsitter) **MH Lotz** (Hoof- Uitvoerende Beampte) **WA Prinsloo** (Finansiële Direkteur)

1 April 2009

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTATE

(R'000)	Aan-tekening	Hersien 28 Feb 2009	Geouditeer 29 Feb 2008	Verandering %
Inkomste		**603 329**	519 161	16,2
Omset		**595 148**	513 572	15,9
Rente ontvang		**8 181**	5 589	46,4
Bedryfswins voor rente en belasting		**57 609**	49 488	16,4
Rente ontvang		**8 181**	5 589	46,4
Rente betaal		**(18 604)**	(6 527)	185,0
Wins voor belasting en gedeelte van inkomste uit gesamentlike onderneming		**47 186**	48 550	(2,8)
Ekwiteitsverantwoorde inkomste uit assosiaat		**704**	–	
Ekwiteitsverantwoorde inkomste uit gesamentlike onderneming		**3 476**	1 136	206,0
Wins voor belasting		**51 366**	49 686	3,4
Belasting		**(18 540)**	(16 201)	14,4
Wins vir die tydperk/jaar toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers		**32 826**	33 485	(2,0)
Rekonsiliasie van wesensverdienste				
Netto verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers		**32 826**	33 485	(2,0)
Wesensverdienste-aansuiwerings		**479**	17	
– verlies op vervreemding van vaste bates		**479**	17	
Wesensverdienste		**33 305**	33 502	(0,6)
Getal uitgereikte aandele ('000)		**114 509**	69 931	
Tesourie-aandele ('000)		**2 769**	1 527	
Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel bereken word ('000)	1	**100 899**	68 404	
Verwaterde aandele – voorkeuraandele		**3 856**	17 163	
Verwaterde aandele – HUB-aandeelaansporingskema	2	**4 991**	4 991	
Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel bereken word ('000)		**109 746**	90 558	
Verhoudingsontleding				
Toeskryfbare verdienste		**32 826**	33 485	
Verdienste per aandeel (sent)		**32,5**	49,0	(33,5)
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)		**29,9**	37,0	(19,1)
Wesensverdienste per aandeel (sent)		**33,0**	49,0	(32,6)
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)		**30,3**	37,0	(18,0)
VVRBWA ("EBITDA")		**68 833**	56 125	22,6
Netto batewaarde per aandeel (sent)		**261,3**	221,0	18,3
Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)		**216,1**	154,6	39,8
Dividend per aandeel (sent)				
– finaal		**–**	16,0	
– interim		**10,0**	–	
Skuld:Ekwiteit (%)		**42,1**	–	
Rentedekking (keer)		**5,9**	54,0	

Aantekening:

1. Die geweegde gemiddelde getal aandele het toegeneem vanaf 68 404 120 aandele in Februarie 2008 ná die uitreiking van die 27 415 385 aandele met die verkryging van M-TEC (1 Junie 2008) en die "omskepping" van die 17 162 969 aandele op 21 Mei 2008 (SEB-transaksie).
2. Ingevolge die Jasco Aandeelopsieskema soos uiteengesit in die omsendbrief gedateer 31 Mei 2007, kan 'n bykomende 4 990 768 aandele uitgereik word aan die HUB mits sekere winsteikens bereik word.

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTATE

(R'000)	Hersien 28 Feb 2009	Geouditeer 29 Feb 2008
BATES		
Nie-bedryfsbates	**354 355**	86 904
Masjinerie en toerusting	**28 682**	27 414
Belegging in gesamentlike onderneming	**10 407**	6 931
Belegging in assosiaat	**218 417**	–
Ontasbare bates	**45 616**	45 448
Netto uitgesteldebelasting-bate	**5 235**	5 205
Ander finansiële bates	**45 998**	1 906
Bedryfsbates	**164 482**	189 110
Voorraad	**58 236**	51 080
Handels- en ander debiteure	**106 246**	99 205
Kontant en kontantekwivalente	**–**	38 825
Totale bates	**518 837**	276 014
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE		
Aandelekapitaal en reserwes	**263 695**	151 178
Nie-bedryfslaste	**102 159**	3 183
Rentedraende verpligtinge	**102 159**	2 884
Nie-rentedraende verpligtinge	**–**	299
Bedryfslaste	**152 983**	121 653
Rentedraende verpligtinge	**8 945**	8 053
Nie-rentedraende verpligtinge	**134 641**	104 213
Netto belastingaanspreeklikheid	**9 397**	9 387
Totale ekwiteit en verpligtinge	**518 837**	276 014

Voorwaardelike aanspreeklikheid
SAID het gedurende 2007 sy inkomstebelastingaanslag vir Jasco Electronics Holdings Beperk vir die jare geëindig 29 Februarie 2004 en 28 Februarie 2005 onderskeidelik met R0,5 miljoen en R1,0 miljoen, hersien. Ingevolge professionele advies van twee onafhanklike, nie-verwante partye, is die direkteure steeds van mening dat die heraanslae ongeldig is, en gaan voort om die aangeleentheid konserwatief as 'n voorwaardelike aanspreeklikheid te hanteer terwyl besware aangeteken word.

STATE VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

(R'000)	Hersien 28 Feb 2009	Geouditeer 29 Feb 2008
Beginsaldo	**151 178**	125 605
Uitreiking aan aandelekapitaal	**88 918**	–
Tesourie-aandele – Aandeelaansporingstrust	**(519)**	(146)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**2 251**	1 146
Wins vir die periode/jaar	**32 826**	33 485
Dividend betaal	**(10 959)**	(8 912)
Sluitingsaldo	**263 695**	151 178

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTATE

(R'000)	Hersien 28 Feb 2009	Geouditeer 29 Feb 2008
Kontant gegenereer deur bedrywighede	**86 475**	41 968
Netto finansieringskoste	**(10 423)**	(169)
Netto belasting betaal	**(18 561)**	(13 659)
Dividende betaal	**(10 959)**	(8 912)
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**46 532**	19 228
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(273 310)**	(12 160)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**180 977**	1 608
(Afname)/toename in kontantmiddele	**(45 801)**	8 676

OPGESOMDE SEGMENTVERSLAE

(R'000)	28 Feb 2009 (Hersien) Inkomste	Bedryfs-wins/-(verlies)*	29 Feb 2008 (Geouditeer) Inkomste	Bedryfs-wins/-(verlies)*
Telekommunikasie	**304 853**	**45 668**	282 034	41 453
Sekuriteit	**175 650**	**25 976**	94 554	8 254
Huishoudelike Produkte	**114 645**	**12 026**	139 306	16 081
Elektries	**–**	**704**	–	–
Subtotaal bedryfsafdelings	**595 148**	**84 374**	515 894	65 788
Ander	**8 181**	**(22 585)**	3 267	(15 164)
Totaal	**603 329**	**61 789**	519 161	50 624

* Die bedryfsafdelings se bedryfswins/(-verlies) sluit die ekwiteitsverantwoorde inkomste uit die gesamentlike onderneming (Telekommunikasie) en assosiaat (Elektries), wat na belasting getoon word in, maar sluit nie rente betaal of ontvang in nie en word getoon voordat aansuiwerings vir intergroep-rente en administrasiegelde gemaak word.

HERSIENINGSMENING

Die resultate is deur die groep se onafhanklike ouditeure Ernst & Young Ing. hersien. 'n Afskrif van hulle ongewysigde hersieningsmening is by die groep se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Direkteure en Sekretaris
Dr ATM Mokgokong (Voorsitter), MJ Madungandaba (Adjunk-voorsitter), PS Chapwanya†, FE Emary, JC Farrant, Dr JM Matsipa, Dr J Rothbart, JA Sherry (Nie-uitvoerende beamptes), MH Lotz (HUB), WA Prinsloo (Finansiële Direkteur), O Seiphemo (Bemarkingsdirekteur) (Uitvoerende Beamptes), MN Sepuru (Maatskappysekretaris) †(Zimbabwies)

Geregistreerde kantoor
Saddleweg 8, Woodmead Park, Woodmead 2157

Oordragsekretarisse
Link Market Services SA (Edms) Beperk, Diagonalstraat 11, Johannesburg 2001

Borg
PSG Capital (Edms) Beperk, Johannesburg-tak, Gebou 8 Woodmead Estate, Woodmeadweg 1, Woodmead 2191

Verdere besonderhede kan verkry word op ons webblad www.jasco.co.za

STUDIO 5